

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

INLIGTING OOR SINODALE DANKOFFERS

Hierdie dokument gee 'n oorsig oor die Sinode se stelsel van sinodale dankoffers. Ons doen dit deur 'n paar vrae te beantwoord:

1. Wie en wat is die Sinode van Oos-Kaapland?

1.1 Die Sinode behoort binne die presbiteriaal-sinodale stelsel aan die 106 gemeentes en 13 ringe in Oos-Kaapland, en verteenwoordig die kollektiewe belang van die gemeentes en ampsdraers. Die Sinode is 'n vennoot in bediening.

1.2 In Oos-Kaapland befonds die sinode ook ringsprojekte wat bediening stimuleer en waarmee gemeentes bygestaan word.

2. Hoe vergelyk die bydraekoers van Oos-Kaapland met ander Sinodes?

2.1 Drie buur-sinodes se bydraekoerse is getoets om te bepaal hoe ons sinode daarmee vergelyk.

2.2 In een buur-sinode betaal gemeentes gemiddeld 4.9% van bruto inkomste, in die tweede 6% en in die derde gemiddeld 6.5%. Die bydraekoers wissel dus tussen 3 tot vier keer die koers van Oos-Kaapland.

2.3 Dit blyk dat Oos-Kaapland slaag in sy doel om so min moontlik finansies uit gemeentes te onttrek. Daarby word 'n deel van die 1.5% boonop gebruik om ringe en gemeentes te bemagtig deur ringsprojekte.

3. Hoe word die Sinodale Dankoffers (SDO) aangewend?

3.1 Gemeentes betaal 1.5% van bruto inkomste (dit is inkomste minus sinodale kollektes) aan die sinode oor.

3.2 Vir aanwending word hierdie 1.5% as volg verdeel:

- Die **Algemene Sinode** kos jaarliks 25% van SDO.
(Die Algemene Sinode kry 0.28% van gemeentes se bruto inkomste. Dit is 18.66% van die SDO. Vir vergaderings van die Algemene Sinode word jaarliks sowat 6.5% van SDO begroot.)
- Vir **ringsprojekte** word 20% van SDO aangewend.
- **Beleggings** word versterk met 13.3% van die SDO.
- **Argiefkoste** (gemeentelik, ring en sinodale kantoor) beloop 7.7% van SDO
- Die balans (sowat 33%) word gebruik om deel van die **bedryfskoste** van die sinode te befonds. Dit sluit sake in soos padberade, voortgesette bedieningsontwikkeling, netwerke soos predikante-versorging, leer en aktuele sake en jeug. Verder ook reiskoste vir vergaderings van die sinodale kommissie, auditkoste, sinodale kommunikasie, kantoorhuur, skryfbehoeftes, telefoon, posgeld, drukkoste en versekering.

4. Inkomstebronne van die Sinode: Sinodale dankoffers én beleggingsopbrengs

4.1 Die Sinode van Oos-Kaapland het twee inkomstebronne wat vir bedryfskoste aangewend word:

- 'n Gedeelte van die Sinodale Dankoffers, en
- die opbrengs van die sinodale beleggings.

4.2 Die grootste deel van die bedryfskoste word gedra deur die opbrengs uit beleggings.

4.3 Die direkte gevolg van die beleggingsopbrengs is 'n veel kleiner bydrae wat van gemeentes gehef moet word. Sonder die beleggings sou gemeentes minstens 3.5% van hul inkomste aan sinodale dankoffers moes betaal.

4.4 Die beleggings bestaan dus nie ter wille van 'n groeiende beleggingsportefeulje nie, maar ter wille van gemeentes. Dit verlig die druk op gemeentes om die sinodale begroting ten volle te befonds.

5. Waarom is die Sinodale Dankoffers van 1.2% tot 1.5% verhoog?

5.1 Vanaf 2010 het dit toenemend duidelik geword dat 'n bydraekoers van 1.2% te laag is. Die gevolg was dat die sinode te veel fondse uit die beleggingspoel moes onttrek. Dit sou die beleggings uitput. Die beleggings sou dan toekomstig 'n al hoe kleiner deel van die sinodale begroting befonds, en die gemeentes 'n al hoe groter deel.

5.2 Nie net inkomste kon egter verhoog word nie, uitgawes moes ook beperk word. Ten einde druk op beide die beleggingsportefeulje én gemeentes te verlaag, het die sinode die aantal sinodale poste gehalveer van 4 na 2. Projeksies het egter getoon dat die bydraekoers ook moes verhoog, maar net marginaal – van 1.2% tot 1.5% – en wel teen 0.1% per jaar oor 'n periode van 3 jaar.

5.3 In randwaarde is die verhoging van 0.3% gelyk aan R300 per jaar (R25 per maand) vir elke R100 000 van gemeentelike inkomste. 'n Gemeente met 'n inkomste van sowat R1 miljoen betaal dus maandeliks R250, oftewel R3 000 per jaar, meer.

5.4 Gemeentes wat hulp benodig kan via ringsprojekte aansoek doen uit die Sinodale Hulpfonds.

6. Hoe word die grootte van die onttrekking uit beleggings bepaal?

6.1 Dieselfde beginsels geld by bepaling van die onttrekking as dié waaraan 'n persoon wat 'n lewende annuïteit vir inkomste benut, soos 'n gepensioeneerde, moet voldoen.

6.2 Hoeveel? As kriterium word die beginsel van volhoubaarheid oor 'n periode van 20 tot 25 jaar gebruik. Dit beteken die randwaarde wat jaarliks onttrek word, moet die beleggings nie oor die langtermyn uitput nie. Dit moet steeds in staat wees om gemeentes se SDO-bydraes klein genoeg te hou dat dit nie 1.5% hoef te oorskry nie.

6.3 Met 'n bydraekoers van 1.5% word beleggings nie oortrek nie, en kan die sinodale begroting volhoubaar bekostig word. Die besluit op 'n koersverhoging het tydig plaasgevind (2014).

Maart 2017